

Hoofstuk van die dag: Jeremia 40 – 41

> *Maar Gedalja seun van Agikam het hulle nie geglo nie. (Jer 40:14)*

Gedalja was die eerste goewerneur van Juda, nou ’n provinsie van die Ryk van Babel. Hy het uit ’n lang linie van

administrateurs gekom (39:14), en is deur Nebukadnesar aangestel in hierdie pos. Onder die agtergeblewe Jode was daar egter ook iemand uit die koninklike geslag: Ismael (vgl 41:1). Hoekom Ismael nie ook weggevoer is nie, weet ons nie. Dit lyk egter of Ismael gedink het die leiersposisie kom hom, eerder as Gedalja, toe.
Daar was gerugte dat Ismael sy mes (letterlik) vir Gedalja ingehad het, maar Gedalja het dié gerugte afgelag. Hy was té seker van sy saak en sy posisie as administrateur van Nebukadnesar. ’n Skrifverklaarder skryf dat hy, net soos koning Sedekia, aan dieselfde soort hubris gely het – ’n oordrewe trots en selfvertroue – wat Israel reg deur haar geskiedenis gepootjie het. As ’n mens na die huidige konflik tussen Israel en Palestina kyk, is dit nog steeds ’n probleem.
Hubris is ook deel van ons eie geskiedenis. Hoe anders kan jy Apartheid verklaar? En die treurige toestand waarin ons land is danksy die huidige regering se hubris?
Hubris skree teen alles wat ons moet wees as navolgers van Christus (Matt 11:29; vgl Rom 12:3).

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026